HOE OM AANSOEK TE DOEN VIR UWW LISENSIE

Alle stoeiers wat UW**W** lisensie kaart ontvang het moet die lisensie kaart hou vir gebruik in die toekoms vir Medies en inweeg by Internasionale byeenkomste, want die kaart word elke jaar deur UWW hernieu op hulle stelsel sodra die jaar se Dokters brief en betaling vir die lisensie ontvang is.

Neem asb kennis van die volgende ivm 2016 World Wrestling se lisensie en wat ingestuur moet word na die SASF Sekretaris Generaal – **Hernieu.**

1. Die aangehegte Dokters brief moet asb ingevul wees met 'n swart pen en in druk skrif. Die Dokter se stempel - moet duidelik wees- moet onder aan die brief aangebring word. Die stoeier se eerste naam moet ingevul word saam met van – **nie noem naam nie.**
2. Bewys van die betaling van die 2016 lisensie fooi – moet ook aan die SASF Tesourier gestuur word.
3. As 'n stoeier 'n nuwe paspoort gekry het moet die afskrif van die nuwe paspoort ook aangestuur word.

Aankoop van nuwe – eerste keer -United World Wrestling Lisensie - moet die volgende aan die SASF Sekretaris Generaal gestuur word:

1. Die aangehegte Dokters brief moet asb ingevul wees met 'n swart pen en in druk skrif. Die Dokter se stempel - moet duidelik wees- moet onder aan die brief aangebring word. Die stoeier se eerste naam moet ingevul word saam met van – **nie noem naam nie.**
2. Bewys van die betaling van die 2016 lisensie fooi – moet ook aan die SASF Tesourier gestuur word.
3. 'n Kleur paspoort foto in jpg– **per e-pos**
4. Afskrif van stoeier se paspoort –**per e-pos**
5. Afskrif van stoeier se paspoort –**per e-pos**

Geen stoeier lisensies gaan meer by 'n Internasionale Toernooi gekoop kan word nie:
Stoeiers se lisensies moet aangekoop wees – 10 dae - voor die Finale inskrywings per naam gedoen word vir 'n Internasionale Toernooi.
Kan nie 'n stoeier inskryf as sy/haar UWW lisensie aankope nog nie afgehandel is nie.

Afrigters en Spanbestuurders wat verkies word om SA Spanne te vergesel na 'n Internasionale Toernooi moet die volgende aan die SASF Sekretaris Generaal e-pos:
'n Kleur paspoort foto in **jpg.**
Afskrif van paspoort. Paspoort mag nie naby aan verval datum wees nie.

Sonder die twee items hierbo kan 'n Afrigter en Spanbestuurder nie in ingeskryf word saam met die Span nie.
Spanbetuurders: **Vlug tye en vlug datums** moet beskikbaar wees 10 dae voor die finale Name ingeskryf moet word.

Na die sluitings datum kan geen byvoegings gemaak word nie.

Al die UWW Beamptes se inligting is gelaai.